# RESENSIES / BOOK REVIEWS

Prof R M Britz
**DIE GESKIEDENIS VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK FAURESMITH, 1848-1998.**
Kerkraad, Ned. Geref. Kerk Fauresmith.
96 pp.

Reeds met die optel van hierdie netjiese werkie oor een van die twee oudste Nederduitse Gereformeerde Kerke ten noorde van die Gariep besef 'n mens dat jy hier met iets besonders in die hand staan. Die posstempel op die stofomslag sê dat dit 'n herdenkingsgeskrif is: Fauresmith se Nederduits Gereformeerde Kerk is een-en-'n halwe eeu oud. Maar die voorwoord van die skrywer laat jou besef: hier soek jy tevergeefs na foto's van vorige dominees en hul eggenotes. Dit is 'n geskiedenis van die gemeènte, in die ware sin van die woord.

Die verhaal word gemaklik vertel: van 'n gemeente wat in die eerste helfte van die vorige eeu aan die Rietrivier tot stand gekom het (hfst. 1); wat haarself in 'n Vrystaatse konteks gevestig, laat geld, en uitgebrei het (hfst. 2-4); wat ná die verwoesting van 'n oorlog, werksaam in 'n nuwe eeu in 'n sinodale verband ingegaan het (hfst. 5) en by 'n verandering in die tyd moes aanpas (hfst. 6); wat later eeufees gevier het en met sekerheid na die toekoms gekyk het (hfst. 7); én wat toe georganiseerd, maar met ingrypende vrae nóg 'n omwenteling beleef het (hfst. 8). Vir die skrywer was die gemeente se belewenis van haarself en van hierdie immer-veranderende konteks van groot belang.

Dít maak van hierdie verhaal preekstof — dit wil sê: 'n omgang met die vergange lewe van die gemeente, waardeur hulle in die lig van die Woord en in die eie tyd, opgebou kan word om die Here Jesus se kerk te wees. Allermins is die verhaal prekerig en geromantiseerd — wat rondom herdenkings 'n groot versoeking is. Inteendeel, om dit te kon vertel, het die skrywer die tersaaklike primêre bronne geïdentifiseer, bestudeer en chronologies in 'n sintese gaan beskryf. Die uitgebreide voetnote bevestig dit.

Kerkhistories is hierdie publikasie van groot belang — as 'n naslaanwerk vir die toekoms, maar ook as illustrasie van hoe geskiedenis geskryf behoort te word. Britz se werk bring 'n verstel-

ling in die gangbare kultuurhistoriese omgang met gemeentes se verhale. Alhoewel die boek 'n groot bydrae tot die bestudering van die breëre Suid-Vrystaatse geskiedenis lewer, is kerkgeskiedenis in die eerste instansie teologie. En met hierdie publikasie lê die skrywer 'n belangrike bousteen vir die latere beskrywing van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Vrysraat se verhaal. Lidmate van Fauresmith se Nederduits Gereformeerde Kerk en inwoners van die dorp, asook studente in die verskillende velde van die geskiedenis, sal hier 'n waardevolle wegwyser vind.

Ds J J Lubbe.

Martin Winter

## DAS VERMÄCHTNIS JESU UND DIE ABSCHIEDS-WORTE DER VÄTER. GATTUNGSGESCHICHTLICHE UNTERSUCHUNG DER VERMÄCHTNISREDE IM BLICK AUF JOH. 13-17.

Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht, 1994.

Hierdie studie wat in 1992 as *Habilitationsschrift* aan die Augustana Hochschule in Neuendetrelsau ingelewer is, het as doel 'n deeglike ondersoek van die genre van Joh 13:1-17:26 — veral in die lig van die Joodse tradisie in hierdie verband. In die voorwoord vermeld Winter dat hy die studie aanvanklik vanuit 'n *literarkritische* oogpunt begin het, maar mettertyd besef het dat dit te 'n smal basis bied en dat 'n *gattungskritische* ondersoek absoluut noodsaaklik is.

Die studie word in drie dele verdeel:

- Hoofstuk 1 word gewy aan 'n oorsig van die navorsing wat relevant is (veral die navorsing in verband met die sogenaamde "testament"-genre), asook 'n uiteensetting van die vraagstelling en metode wat gevolg word.
- Hoofstuk 2 (die langste hoofstuk) word gewy aan 'n deeglike en gedetailleerde ondersoek van talle voorbeelde van afskeidsgesprekke (of *Vermächtnisreden* soos wat Winter verkies om dit te noem) uit die Ou Testament, Ou-Testamentiese apokriewe en Ou-Testamentiese pseudepigrawe.
- Hoofstuk 3 bestaan uit 'n *literarkritische* en *gattungskritische* ondersoek van Joh 13:1-17:26. Laasgenoemde geskied teen die agtergrond van die resultate van die navorsing in hoofstuk 2.